

HOOFSTUK II.

DIE MIDDELEEUE.

1. GESAG EN VRYHEID IN DIE MIDDELEEUE.

(a) Inleiding.

"Assimilation and repression", sê Graves 1), "are the key to the Middle Ages, and until the bondage of authority, convention, and institutions was broken, progress was impossible. But....there grew up within mediaevalism itself factors that... were destined to lead to individualism and advancement". Onderdrukkende gesag word hier vooropgestel as oorheersende kenmerk van die Middeleeue, maar tog vind ons ook 'n aanduiding van individuele vryheid. In hierdie hoofstuk sal ons trag om na te gaan eerstens wat die verhouding tussen gesag en vryheid in die lewens- en wêreldbeskouing van die Middeleeuse mens was; tweedens watter bydraes die Middeleeue tot die beskawing gelewer het; en derdens watter rolle gesag en vryheid in die skoolopvoeding, veral die tug, van die Middeleeue gespeel het.

(b) Gesag.

As ons die omstandighede in aanmerking neem dan verbaas dit ons nie dat die Middeleeue by uitstek eeue van gesag was nie.

Die invalle van die Germane het die vier vernaamste elemente van ons beskawing: die Griekse, die Romeinse, die Christelike en die Germaanse, in onmiddellike aanraking met mekaar gebring; en dit was die taak van die Middeleeue, soos die historikus, G.B. Adams 2), aantoon, om hierdie uiteenlopende elemente tot 'n organiese eenheid saam te smelt. Dat hierdie wonderbaarlike samesmelting met so betreklik weinig verlies van beskawing gegaan het, is daaraan te danke dat die Germane onmiddellik so sterk onder die indruk van die grootshcid en gesag

1. Graves, F.P.: A History of Education, Vol.II. During the Middle Ages, p.3.

2. Adams, G.B.: Civilization during the Middle Ages, p.102-3.

van die kulture, waarvan hul die militêre oorwinnaars was, gekom het, dat „they began, oftentimes unconsciously, to imitate and borrow from what must have appeared to them a completed and absolute system, divinely sanctioned..... Consequently the mediaeval period was one.... of absorption. The watchword was authority and conformity of the individual to the model set" 1). Van die kant van die Germane was daar dus 'n vrywillige onderwerping aan die gesag van 'n superieure kultuur.

Andersyds was strengere uitoefening van gesag van die kant van die Kerk noodsaaklik. Die Christendom het hom eensklaps geroepe gesien om 'n veel lewenskragtiger vyand as die Grieks-Romeinse heidendom, nl. die Germaanse, te kersten en op te voed. „To stop the decay and bring these mediaeval people up to the level of the past, it was necessary to set an authoritative standard and repress all variation on the part of the individual. The human intellect was confined to narrow limits, and all efforts to obtain truth by investigation were discouraged" 2).

Tereg kan die Middeleeue dus 'n tydperk van „assimilation and repression", dws. vrywillige onderwerping enersyds, en strengere uitoefening van gesag andersyds, genoem word.

So'n onderwerping van die individu aan gesag pas volkome aan by die tipies-Middeleeuse mensbeskouing, nl. dat die individu slegs waarde het as lid van 'n groep. Die verhewe opvatting wat deur die vroeë Christendom omtrent die waarde van die individu gehuldig is, het feitlik geheel en al verdwyn. „The individual ceases to be the primary element of society and is absorbed, not now in the state, but in the corporation, the guild, the commune, the order, the hierarchy" 3). Die hele lewe is in die Middeleeue in groepsorganisasies opgebou; selfs die skool, die universiteit en die Kerk bewys dit. „The power

-
1. Graves: A Hist. of Educ., Vol. II, pp. 2-3.
Cf. Adams: Civ. during the Mid. Ages, p. 104.
 2. Graves: ibid. p. 104.
 3. Adams: Civil. during the Mid. Ages., p. 91.

of embodying its ideals in institutions was the peculiar genius of the medieval mind" 1). Bokant die natuurlike lewe staan dan die Kerk, wat aan die hele lewe rigting gee. "Het wezenlijke..... van een mensch in de Middeleeuwen bestaat in zijn behooren tot een bepaalde massa-organisatie" 2). Hierdie instelling op die groep, die totaliteit, die makrokosmos, se Waterink, hang saam met die hele Middeleeuse lewens- en wêreldbeskouing, soos dit ten slotte in die Aristotelies-Thomistiese realisme tot uitdrukking kom. Volgens hierdie opvatting is die universalia die eintlike realia, en het die enkeling slegs in soverre 'n die realiteit as wat hy aan die algemene begrip deel het. So het die mens slegs in soverre 'n die realiteit as wat hy aan die algemene begrip "mens" deel het. Volgens die Middeleeuse beskouing is hierdie algemene grootheid: die Kerk. "Van de Kerk uit, de zichtbare Civitas Dei, komt eigenlijk de waarde van elk individu" 3).

Uit die voorgaande kan ons 'n paar belangrike gevolgtrekkings maak. Eerstens moet ons konstateer dat die Middeleeuse organisasies onskatbare opvoedingsmiddele vir die barbare was, maar tog stremmend was vir individualisme en verdere ideale. Konformiteit aan gesag was beide die krag en die swakheid van die Middeleeue 4). Tweedens mag ons die Middeleeuse mens nie al te gou weens beperkinge van sy individuele vryheid bejammer nie. Woorde soos "vryheid" en "outonomie van die persoonlikheid" het in die Middeleeuse gedagte eintlik geen sin nie 5), omdat die posisie van die individu dáár gans anders was as vandag. Opvoeding het dan ook nie vorming van die persoonlikheid beteken nie, maar veel meer oordrag van kennis. Derdens

-
1. Rashdall, H.: Universities of Europe in the Middle Ages, Vol. I. p. 3.
 2. Waterink, J.: De Geschiedenis der Paedagogiek, p. 246.
 3. Waterink: *ibid.*, pp. 245-6.
 4. Graves: A Hist. of Educ., Vol. II, p. 3.
Cf. Rashdall: *ibid.*, p. 3.
 5. Waterink: *ibid.*, p. 245.

kry die leerstof 'n heel ander betekenis. Juis deur die ontvang van 'n bepaalde hoeveelheid kennis-inhoud, het die individu gemeenskap aan die massa gekry. Hierdie geestelike besit het 'n vaste gestalte gehad, deur die kerk gesanksioneer. Die hoofbegrip van die opvoeding was dan ook die oorbring van hierdie leerstof van een geslag op die ander, en tradisie het die groot opvoedkundige mag geword 1). Tot in die elfde eeu was die gees van die kerklike en monastiese opvoeders een van gelowige aanvaarding van gesag en bewaring van tradisie. "They sought to hand on the traditions of the Church pure and uncorrupted, rather than to earn for themselves a fame as original thinkers" 2). Vierdens was gesag en rede ook die dryfkragte van die skolastiek 3). Deur middel van die rede moes die gesag van die Kerklike leer as onaanvogbaar bewys word. Maar die redenering moes dan ook weer uitsluitend op die gesag van Aristoteles berus. "Reason was made identical with Aristotle, whose authority was not to be disputed" 4). Vyfdens was dit juis die fout van die Middeleeuse Kerk dat hy hom as dié bron van gesag opgewerp het 5). Die Hervorming was 'n terugkeer tot die Heilige Skrif as die enigste kenbron van die Waarheid en dié Gesag. Sessdens blyk dat die gesag van die Middeleeuse Kerk nie as 'n soort tirannie oor die individu beskou mag word nie. Die Germane het self die meerderwaardigheid van die kerk en die Christelike kultuur erken; die Middeleeuse mens het, oor die algemeen gesproke, kragtens sy lewens- en wêreldsbeskouing, die gesag, veral van die Kerk, as vanselfsprekend aanvaar.

(c) Vryheid.

En spyte van die strenge gesag en die gedwë onderwerping tydens die Middeleeue het die menslike gees nie willoos in

-
1. Waterink: Gesch. der Paed. pp.245, 247.
 2. Drane, A.: Christian Schools and Scholars, p.187.
 3. Honig, A.G.: "Scholastiek" in: Chr. Encyclopedie, Dl.V, p.91.
 4. Graves: A Hist. of Educ., Vol.II, p.54.
 5. Waterink: ibid., p.248.

slaafse verkragting gelê nie. In talryke vorme kom sluimerende vryheidstendense dwarfsdeur die Middeleeue tot uiting. Eers is dit soos stemme van roependes in die woestyn, maar die geroep groei aan totdat die nasionale ontwaking en die opkoms van die derde stand die mag van die feodale stelsel verbreek, en Humanisme en Hervorming die gesag van die Middeleeuse Kerk die genadeslag toedien.

Uit die staanspoor was die Ierse Kerk vry van die afhanklikheid van die Pous en die Roomse kerkorganisasie. Deur Ierse sendelinge, wat bekend staan weens hul „traditional insubordination and independence," 1) is Noord-Europa gekersten. Daaraan skryf Waterink dit toe dat die geesteslewe in die Noorde steeds 'n vryer struktuur getoon het as dié in die Suide, en dat Nederland teen die einde van die Middeleeue die vaderland van die Broederskap van die Gemene Lowe geword het, wat hul uit verset teen wantoestande in die kerk vir 'n verdieping van die godsdienstige lewe beywer het, en so onbewus die weg vir die Hervorming voorberei het 2).

Reeds in die neënde eeu openbaar die teologiese opvattinge van Erigena 'n goos van verset teen die gesag van die kerk, wat in die skeptiese rigting in die Skolastiek uitloop. Hanson noem Erigena „die eerste Protestant" 3). Die stryd van die skeptici in die Skolastiek, Roscelinus in die elfde en veral Abelardus in die twaalfde eeu, teen die positiewe rigting, is 'n stryd tussen intellektuele twyfel en geloof, waarin met verbluffende oormoed die vryheid van die menslike rede teen die gesag van die kerklike dogmatiek verdedig is. Abelardus se „Ja-en-Nee-metode" is 'n bewys van die vraende, ondersoekende

-
1. Hanson, W.G.: The Early Monastic Schools of Ireland. p.125.
 2. Waterink, : De Geschiedenis der Paedagogiek, pp.223,226,256-7.
 3. Hanson: *ibid.*, p.117. As Hanson se bevinding omtrent die Ierse geleerdes waar is, nl. dat „after the end of the eighth century they seem to have thrown away the evangelist's staff and kept only the professor's cloak" (p.125), dan sou ons Erigena eerder „die eerste Humanis" kan noem.

gees. Sy standpunt is „that the only justification of a doctrine is its reasonableness, that reason must precede faith, and that it is not sinful to doubt" 1). Hoewel die nominalisme die onderspit gedelf het in die stryd teen die realisme, het in die dertiende eeu weer die stryd tussen die Dominikaners en die Fransiskaners, albei voorstanders van die ortodokse leer van die Kerk, onbewus die vryheid van denke en die verbreking van kerklike gesag bevorder, want, „when two orders of such standing as the two sets of friars were often accused of heresy by each other, the common man could not well be blamed for following the dictates of reason and refusing to conform to ecclesiastical dogma in every detail" 2). So kan die Skolastiek, ten dele ondanks homself, een van die magtigste vryheidstendense in die Middeleeue genoem word.

Die bloei van die Skolastiek val saam met die van die Universiteite, wat 'n unieke plek onder die Middeleeuse opvoedingsinrigtings inneem deur hul vryheid: die vryheid in hul ontstaan, die vryheid in die saamlawe van dosente en studente, veral onder invloed van die vry rondtrekkende vagante, die vryheid in die beoefening van die wetenskap, en die vryheid van sekere wetlike verpligtinge 3). Die universiteite het uit die gedagte van die vryheid van die wetenskap gegroei. Die oudstes het min of meer spontaan tot stand gekom, en eers later 'n stigtingsbrief van die pous of die keiser gevra. Hoewel die vergunning aanvanklik slegs van die pous gevra is, om hom daardeur as hoogste gesag ook oor die wetenskap te oerbiedig, is spoedig meer waarde aan 'n stigtingsbrief van die keiser geheg, en was die band wat die universiteit aan die owerheid gebind het, niks meer as „een zilveren koorde" nie. Die opkoms van die universiteite is dus 'n sterk bewys van die toenemende

1. Graves : A Hist. of Educ., Vol. II, p. 53.

2. Graves : *ibid.*, p. 74.

3. Cf. Williams : The History of Mediaeval Education, pp. 117-156.

vryheidsdrang en die tanende gesag van die Kerk. In universitêre kringe is hoe langer hoe minder geneeë geneem met „de Rooms-katholieke gedachte dat de paus met zijn autoriteit ook de wetenschapsbeoefening dekken moet" 1).

Ook in die ridderwese leef die vryheidsliefde voort. Die mees spesifieke kenmerk van die ridderopvoeding is, volgens Waterink, 'n sekere neiging tot individualisme wat die stryd teen die Middeleeuse kollektiwisme aanbind. Hierdie individualisme, meen G.B. Adams 2), het waarskynlik sy oorsprong in die ou Germaanse sin vir persoonlike vryheid, versterk deur die Christelike gedagte van die hoë waarde van die individu, soos dit in die eerste eeue na Christus gegeld het. Met hierdie siening is ook Waterink se verdere betoog in ooreenstemming: „Niet de humanistische gedachte van de waarde van den mensch, maar de christelijke idee van de vrijmaking der persoonlijkheid geeft de stof voor hetgeen de literatuur in dezen tijd tot uitdrukking brengt 3). Andersyds het baie van die ridders wat onder Abolardus studeer het losser van die kerk gestaan as die gewone leke 4), en was die lewe en opvoeding van die ridder veelal „wêrelds". „It encouraged an activity in earthly affairs and a frank enjoyment of this life....(but) by that very tendency it did much to counteract the 'otherworldly' ideal of monasticism and the general asceticism of the period" 5). Uit hierdie faktore is dit te verklaar dat sowel die Humanisme as die Hervorming aanknopingspunte in en aanhangers onder die ridderskap gevind het.

Onweerlegbare bewyse van die opstuwende vryheidsdrang in die latere Middeleeue vind ons ook in die opkoms van stede,

-
1. Waterink, : De Gesch. der Paed.p.382. Cf. ook pp.366-384.
 2. Adams: Civilization during the Middle Ages, pp.89-90. Cf. ook Williams: The Hist. of Mediaeval Educ., pp.96-7, 103-4.
 3. Waterink: ibid. p.363.
 4. Waterink: ibid, p.401.
 5. Graves: A Hist. of Educ., Vol.II.p.70.

handel en die burgerstand, en die ooreenkomstige verval van die feodale stelsel. Die wyer horisonte wat deur die kontakte van die kruisvaarders met die Ooste geopen is, het veel tot hierdie nuwe ontwikkeling bygedra. Deur handel en nywerheid het die welvarende burgery hul tot 'n derde stand, naas adel en geestelikheid geëmansipeer, en 'n faktor geword waarmee die gesag van feodalisme en Kerk moes rekening hou. Weldra moes 'n mate van selfbestuur aan die burgery toegestaan word. In die stede "the citizens acquired an ever-increasing measure of independence. They formed councils for the management of their own affairs, and guilds for the protection and regulation of their crafts; and gradually freed themselves from the more irksome of the restraints imposed upon them by their overlords of Church and State" 1). Nasionale state het die feodale stelsel vervang. Die gesag van die Heilige Romeinse Ryk het die onderspit gedelf in die stryd tussen die keiser en die pous. "This victory of the Church over the Empire had largely been aided by the growth of feudalism, which had worked itself out to a logical conclusion and split the Empire into fragments". Maar op hulle beurt is die gesag van die feodale stelsel en die Kerk self weer deur die opkoms van die derde stand en die nasionale gees ondermyn. "The inherent weakness of feudalism began to appear, and national monarchies and national patriotism arose in the place of this mediaeval order of society" 2). Die volkstaal styg in aansien naas Kerk-Latyn, en nasionale letterkundes in die volkstaal ontstaan. Stad- en gildeskole verrys naas die kerklike en kloosterskole om in die behoeftes van die burgery te voorsien. Die onderwys word meer sekulêr, prakties en beroepskundig; aan die skryfskole word selfs die moedertaalmedium gebruik. Die belangrikste vryheidsfaktor in hierdie nuwe skole is egter die feit dat hulle opgerig en beheer word, nie deur die Kerk of

1. Boyd, : The History of Western Education, pp.132-3.
 2. Graves, : A Hist. of Educ., vol.II, pp.100-1.

kerklike hooggeplaastes nie, maar deur stadsbesture. Die opkoms van stadskole was dan ook een van die simptome daarvan dat die Kerk sy greep op die volkslewe begin verloor het 1).

Terwyl opkomende vryheidstendense enersyds die gesag van feodalisme en Kerk verswak het, het korrupsie 2) in die boesem van die Kerk andersyds tot ondermyning van sy gesag en invloed oor die volkslewe bygedra. Stemme gaan op om hervorming van binne. Die broederskap van die Gemene Lewe en manne soos Gerson berei onbewus die weg vir die Hervorming van die Kerk voor.

Al hierdie roepstemme om vryheid het die weg vir die ontwaking van die veertiende, vyftiende eeue gebaan. "Voices though they were in the mediaeval wilderness of authority - all these are the manifestations of human forces that would not suffer even the highest spiritual values to forge chains for human reason." 3). Die feodale stelsel het verval en "de Renaissance ... bracht met de Hervorming aan de alom geldende autoriteit van de Kerk den genadeslag toe." 4).

(d) Samenvatting.

Hoewel die Middeleeue dus eeue van strenge gesag was van die kant van die gesaghebbendes, veral die Kerk en die feodale here; en hoewel die Middeleeuse mens oor die algemeen die gesag en tradisie as vanselfsprekend aanvaar het om juis daardeur deel aan die gemeenskap te hê; tog het die vryheidstrewende dwarsdeur die Middeleeue voortgelewe en teen die einde van die tydperk aangegroei tot die onkeerbare verset teen ongeregverdigde gesag, wat in die Humanisme en die Hervorming sy hoogtepunt bereik het. Ons kan die verhouding tussen vryheid en gesag in die Middeleeue

1. Waterink, : De Gesch. der Paed. p.258.

2. Cf. Waterink : *ibid.*, p.252-8.

3. McCallister, : The Growth of Freedom in Educ. p.118.

4. Waterink : *ibid.*, p.258.

nie beter saamvat as in die woorde van Poole 1) nie: "There was indeed never a time when the life of Christendom was so confined within the hard shell of its dogmatic system that there was no room left for individual liberty of opinion. A ferment of thought is continually betrayed beneath those forms; there are even frequent indications of a state of opinion antagonistic to the Church itself. The necessity of a central power ruling the consciences of men of course passed unquestioned, but when this immense authority appeared not a protection but a menace to religion, it was seldom that it was submitted to in complete silence".

2. DIE MIDDELEEUE SE BYDRAE TOT DIE BESKAWING.

(a) Algemeen.

Na die algemene bydrae tot die beskawing geoordeel, was die resultate van die Middeleeuse opvoeding aansienlik, en die benaming "Donker Eeue" hoogs onverdiend. 'n Gesaghebbende soos Leach sê selfs: "Indeed it may almost be said that their darkness varies directly with the darkness and ignorance of those who dub them dark" 2).

Die feit dat die individualisme van die vroeë Christendom en die vryheidsin van die Germane, ten spyte van die strenge gesag en die Kollektiwistiese lewensbeskouing van die Middeleeue, nie doodgesmoor is nie, maar tog bly voortlewe het in die talryke uitingsvorme wat ons hierbo genoem het, - hierdie feit is op sigself geneem reeds 'n onskatbare wins vir die beskawing.

Hoewel miskien "meagre in scholarship", sê McCallister, was die Middeleeue "essentially a creative age.....An age which at least partially solved the vexed question of land

-
1. Poole, R.L.: Illustrations of the History of Medieval Thought and Learning, p.3. Aangchaal by Hanson, : The Early Monastic Schools of Ireland, p.38.
2. Leach, A.F.: "Abbey Schools", in Monroe: Cyclop. of Educ., Vol. I, p.2.

ownership, which gave expression to the adventurous instinct of the race in forms consonant with religion, which broke up empires to create nations of greater independence, which successfully embodied its ideals in institutions of the most varied kinds, which gave birth to new commercial enterprises as well as to universities and beautiful cathedrals, an age which produced men like Alcuin, Pierre Abélard, William of Champeaux, John Scotus Erigena, John of Salisbury and Thomas Aquinas, does not, when judged by its contribution to civilization, seem to be the parent of an inferior system of education" 1). Die lys name van groot figure uit die Middeleeue sou kan aangevul word met die van Beda Venerabilis, Karel die Grote, Hrabanus Maurus, Hugo van St.Viktor, Vincentius van Beauvais, Dante, Roger Bacon, Jean de Gerson, en sou selfs dan nog lank nie uitgeput wees nie.

As ons aan die geweldige taak van die Middeleeue dink, nl. die bewaring van die beskawing en die wetenskap trots verwoestende aanvalle van barbare, die kerstening en opvoeding van die aanvallers, en die wisselwerking tussen Germanedom en Christendom, dan moet ons erken dat dit nie 'n beeld van stagnasie is nie, maar van geweldige opvoedkundige aktiwiteit, hoewel tydelik deur die agterstand van die leerlinge vertraag 2).

By 'n paar van die opvoedende invloede moet ons ietwat langer stilstaan : die Kerk, die kloosterwese en die Skolastiek.

(b) Die Kerk as Opvoeder.

Die Kerk het deur die kerstening en opvoeding van die Germane 'n onvergelyklike bydrae tot die beskawing gelewer.

Dranc wys veral op die opvoedende invloed wat van die crediens in die kerkgebou uitgegaan het : Die Germaanse barbaar het verwoesting gesaai, maar die Kerk van die Lewende God het

1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ. p.104.
2. McCallister : ibid., p.102.

hom gevange geneem „and holds his soul a willing captive".
Uit die hande van die Kerk het hy „knowledge of letters" geleer,
maar ook die opvoeding van sy hart, wil, verbeelding en verstand.
„Her sacred offices appealed to his soulby their inspired
ceremonial, their matchless poetry, their solemn melody, and
their pictured art. Her Liturgy became the class-book of
the barbaric races." Sedert die hervorming van die kerkmusiek
deur Gregorius in die sesde eeu, „for nine centuries at least
... the Latin tongue and the Roman music were to take their
places side by side as the two indispensable in education" 1).

Maar nie alleen deur die eredienste, die kerklike kuns en
die Latynkennis van klerici en leke het die Kerk sy lede op-
gevoed nie, sê J.W.Adamson, „but even more by its contact
with daily life. The parish church was the centre of all forms
of communal activity, "secular" as well as "sacred"; the trade
guilds were at least as much religious as industrial associations.
Social life found its highest expression in a common worship".
Afgesien nog van die werk van die kerkskole was die kerk dus,
deur die daaglikse roetine van die kerklike lewe wesenlik 'n
opvoedingsinstelling, „a centre both of teaching and of
learning" 2).

Die Kerk was die belangrikste organisasie in die Middel-
eeuse samelewing; godsdienst was die hoogste lewensdoel; deel-
name aan die kerklike lewe was die konkrete middel om die
begeerde doel te bereik. In teëstelling met die lewensvreemde
spitsvondighede van die heidense skole was die kerklike op-
voeding prakties, aktueel, „utilitarian and concrete". Mc-
Callister som die verdienstes daarvan as volg op: „From a peda-
gogical point of view, many features of the Church's educational
scheme were of considerable value. She had a fixed and definite

1. Drane : Christian Schools and Scholars, pp.60-1.
2. Adamson : A Short Hist.of Educ., pp.3-4.

aim theoretically co-extensive with life, and she was in possession of methods that were clearly related and subservient to that aim. She had a natural and concrete system of daily activities round which her instruction centred. A huge concentration scheme, with a practical, if at times a highly symbolic contact with life, permeated with the ideal of utility - such was the system of ecclesiastical education in the early Middle Ages and, so presented, it has qualities manifestly superior, in some respects, to the education of our own times" 1).

Die sukses wat die kerklike opvoeding eers met die Grieks-Romeinse, daarna met die Germaanse heidendom behaal het, word deur McCallister aan die vryheidsbeginsel van "working upon the life tendencies of the pupil" 2) toegeskryf. Maar die gesagsbeginsel het minstens eweveel tot die sukses bygedra. Dit was immers juis die gesag waarmee die Kerk hul gelcer het, wat die Germane imponcer het 3). Vir die vroeë Middeleeue altans was die beperkinge wat die Kerk op die onderwys gelê het "an almost unmixed blessing. It was an admirable discipline in extracting the knowledge that met their needs from the intellectual achievements of the past" 4).

Tog het die Kerk hierdie strenge gesagsuitoefening te lank volgehou, ook toe die doel daarmee reeds bereik was, en die praktyk van die lewe, veral na die opbloeï van die handel, ook ander eise aan die skool gestel het as 'n bloot klerikale opvoeding. McCallister se kritiek op die Kerk se beperking van die onderwys tot die godsdienstige en kerklike lewe en leerstof, hoewel ietwat onbillik as ons die tydsomstandighede in aanmerking neem, dui tog 'n wesenlike gevaar aan: "Pedagogically it was on sound lines in presenting its first instruction in

-
1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ. pp.102-3.
 2. McCallister : *ibid.*, p.104.
 3. Cf. Adams : Civilization during the Middle Ages, p.91.
 4. Boyd : History of Western Educ., p.105.

concrete and practical form But the keeping of ideas within the circle of religious life is pedagogically unwise". Dit het aan die leerling 'n spesifieke, nie 'n werklik liberale opvoeding gegee nie, en dit het die intellek van die onderwyser dermate verslaaf 1) dat Karel die Grote moes kla oor die skaarste aan "men who are both able and willing to learn, and desirous of instructing others" 2). Wel is dit noodsaaklik dat die godsdienstige gees die hele opvoeding moet deursuur, maar daarom hoef die onderwys nog nie tot kerklike onderwys beperk te word nie.

Hier raak ons aan die kernfout van die kerk in die Middeleeue, nl. dat dit, volgens tipies Rooms-Katolieke standpunt, hom as dié gesag oor die ganse lewe opgewerp het, ook oor onderwys, kuns, wetenskap en staat. Aanvanklik was dit noodsaaklik, en die kerk het sy voogdyskap op skitterende wyse uitgeoefen, maar toe die opvoedeling mondig geword het, het Renaissance en Hervorming die vryheid van die mens op al hierdie lewensterreine geëis 3). Die Hervorming was 'n terugkeer tot die Woord van God as enigste norm.

Ten spyte egter van beperkinge op die vryheid van leerling en onderwyser, "it does not appear that in the vital aspects of education the Middle Ages were so limited as they are often supposed to be" 4). Die Middeleeuse Kerk het as opvoeder 'n geweldige taak vervul.

(c) Die Kloosterwese.

Omtrent die omvang van die opvoedingswerk aan die klooster-skole bestaan heelwat meningsverskil. Maar dat die kloosterwese 'n onberekenbare bydrae tot die beskawing en die geleerdheid gelewer het, veral as gevolg van die Benediktynse reël wat twee uur

-
1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.103, 110.
 2. Karel die Grote : Capitulary of 787. Aangehaal by Mullinger, J.B.: The Schools of Charles the Great, p.99.
 3. Cf. Kuyper, A.: Het Calvinisme. Zes Stone - Lezingen. pp.152-3.
 4. McCallister : ibid., p.104.

lees en sewe uur arbeid per dag vereis het, staan bo alle twyfel vas.

Hoewel die kloosterwese uit 'n ideaal van wêreldontvlugting ontstaan het, en deur die ede van gehoorsaamheid, reinheid en armoede drie fundamentele verpligtinge van die maatskappy veronagsaam het, nl. trou aan die staat, die sorg vir eie gesin en die voorsiening in ekonomiese behoeftes, nogtans mag ons die beweging nie as anti-sosiaal bestempel nie 1). „It is not a mere fleeing from society it is the manipulation of a particular form of society", - 'n klein modelstaat op aarde wat 'n voorafskaduwing van die stad Gods moes wees 2). Juis deur die kloosteridealê is die sedes van die ruwe barbare versag en die samelewing op 'n hoër en doeltreffender peil gereorganiseer, sowel materiël as moreel, deur die hooghou van „the conception of a nobler life and the immense value of things not material" 3).

Dat die kloosters ware voorposte van die beskawing was blyk uit die haas ongelooflike arbeid wat die monnike in vroeër ontoeganklike streke verrig het. „Through the agency of the monasteries, swamps were drained, forests cleared, and the desert regions reclaimed; the peasants were trained in agriculture, and the various crafts and industries were preserved; the abandoned fields were recopled and the beginnings of cities formed anew" 4). Dranc se beskrywing van die klooster te St.Gall in die neënde eeu gee ons 'n denkbeeld van die kloosterwese op sy beste. Tcmidde van die Switserse woesteny was dit 'n oase van godsvrug en beskawing met sy statige geboue: kerke, kloosters, kantore, geboue vir studente, gaste en werksmense; die smidswinkel, die bakkery, tien meulens; dan die tuine en wingerde teen die berghange, wuiwende koringlande, skape op die weiding, bote met goedere en passasiers op die

1. Graves : A Hist. of Educ., Vol.II. p.14.

2. Adams, John : The Evolution of Educational Theory, p.150.

3. Adams, G.B. : Civilization during the Middle Ages, p.132.

4. Graves : ibid., Vol.II. p.10.

meer - 'n gemeenskap van lewe en aktiviteit. En tog was dit nie 'n dorp nie, maar 'n groot huisgesin - „a family presided over by a father, whose members were all knit together in the bonds of common fraternity. I know not whether the spiritual or the social side of such a religious colony were most fitted to rivet the attention. Descend into the valley, and visit all these nurseries of useful toil, see the crowds of rude peasants transformed into intelligent artisans, and you will carry away the impression that the monks of St.Gall had found out the secret of creating a world of happy Christian factories" 1).

Ewe onberekenbaar is die betekenis van die kloosters ook vir die geleerdheid. Nie alleen is in hulle scriptoria én die klassieke én die Christelike geskrifte bewaar en vermenigvuldig nie - soms met gebarste hande in die nypende winterkoue -; maar selfs letterkundige werke in die volkstaal is deur die monnike neergeskryf, en daarbenewens het hul ook hul eie bydraes gelewer, naas Ensiklopedië^e ens., veral dokumente en kronieke, waarsonder dit vir ons onmoontlik sou wees om die geskiedenis van die Middeleeue te konstrueer 2). Aan die kloosterakole kom die eer toe dat hulle die onderbou vir die wetenskap van die Middeleeue gevorm het, die grondslae gelê het waarop die universiteite voortgebou het 3), en die Latynse en Griekse manuskripte in bewaring gehou het totdat die Renaissance-geleerdes weer daarna begin soek het.

Die monagisme, sê John Adams, is in werklikheid 'n opvoedkundige beweging met sy eie doelstelling, nl. „co-operative character building", 'n eie mensbeskouing, nl. dat die menslike natuur radikaal verdorwe is, en 'n eie metode, nl. inhibisie van die kwaad, aan die negatiewe kant, nabootsing en beoefening

-
1. Drane : Christian Schools and Scholars, p.170.
Cf. ook haar beskrywing van Fulda, *ibid.*, pp.147-8.
 2. Adams, G.B. : Civilization during the Middle Ages, p.137.
 3. Impeta, C.N. : „Kloosterscholen", art. in : Christelike Encycl., III. p.451.

van die goeie en wisselwerking tussen opvoeding en meerderes aan die positiewe sy. Dit skep 'n ideale omgewing, waarby die individu uit vrye beweging aansluit, en waarin daar harmonie tussen die doelstelling van individu en gemeenskap, en tussen doel en metode heers 1). So gesien voldoen die kloosteropvoeding aan belangrike vryheidsvoorwaardes. McCallister se oordeel oor die kloosterlewe soos dit hom bv. in St.Gall ontplooi het, is dan ook: "The work of the monastery was an interesting example of a concentration scheme, which naturally related the whole round of activities to the elemental needs of life, and demanded a versatility and a knowledge of many things - by no means unimportant conditions of freedom" 2).

Tog was die kloosteropvoeding op verre na nie volmaak nie. Die doel was 'n eensydige voorbereiding vir die hiernamaals alleen 3); die "unnaturally rarefied moral atmosphere" was nie daarop bereken om karakters in en vir die stryd van die lewe te staal nie; die negatiewe metode van inhibisie van die kwaad het te swaar gewoeg teenoor die positiewe van bevordering van goeie gewoontes 4). Bowendien was die motief vir al die nuttige arbeid wat verrig is verkeerd. Volgens die Benediktynse reël is ledigheid die vyand van die siel, en daarom moet die monnike besig gehou word 5). Die waarde en die adel van die arbeid lê dus "in the attitudes which were repressed because of the activity" 6), nie in die onderwerping van die aarde tot eer van God nie. Die arbeid is dus gebore uit wantroue van die mens, nie uit gehoorsaamheid aan God nie. As gevolg van hierdie wantroue, sê McCallister, kon die monnik, ten spyte van die veelsydige buiteaktiwiteite van die klooster, ook nouliks sy leerlinge besiel met die ideaal om bevrediging vir hul geestelike

-
1. Adams John : The Evolution of Educational Theory, pp.148-151.
 2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.106.
 3. Cf. onder, pp.58-9.
 4. Adams, John : *ibid.*, pp.150-4.
 5. Cubberley : Readings in the Hist. of Education, p.57
 6. McCallister : *ibid.*, p.111

behoefte in diens van die gemeenskap te soek 1). So'n asketiese opvoeding ken nie die krag van die vertroue in die mens, wat Christus in Sy optrede openbaar het nie 2). Dat die bydraes van die kloosterwese tot beskawing en geleerdheid, ten spyte van die asketiese ideaal so groot was, is verbasingwekkend, want „what more than anything else retarded the progress of learning and the world in general was the asceticism which in the twelfth century finally overcame the freedom of the clergy to marry. Multiply clerks as they might, their learning perished with them, and it was impossible for a learned or literary class to grow up when each successive generation had to start anew from the scions of the unlearned" 3).

(d) Die Skolastiek.

Die Skolastiek is nog altyd onsimpatiek beoordeel en in sy betekenis onderskat, sê Graves 4). Afgesien van die waarde wat dit gehad het vir die ontwikkeling van 'n wetenskaplik-gesistematiseerde teologie, vir die bepaling van die verhouding tussen teologie en filosofie, en die ernstige poging om die inhoud van die openbaring in ons wetenskaplike denkinhoud op te neem 5), het dit die wetenskap oor die algemeen ten goede gekom.

Deur die formeel-volmaakte logiese redenering het die skolastici veel bygedra tot noukeurige denke; deur hul tegniese taal tot die hedendaagse wetenskaplike terminologie; en deur hul ondersoek en navorsing en hul geloof in die betroubaarheid van die rede tot die oorwinning oor die „scholastic attitude" en die uitvinding van die wetenskaplike metode, wat in die bloeityd van die Skolastiek reeds deur Roger Bacon in die

-
1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ. p.110.
 2. Cf. bo, p.15.
 3. Leach, A.F.: „Middle Ages", art. in Monroe se: Cyclop. of Educ., Vol.IV, p.224.
 4. Graves : A Hist.of Educ., Vol.II, p.59.
 5. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.407-8.

vooruitsig gestel is. Die geweldige wetenskaplike bedrywigheid het die skerpsinnigste denkers van die eeu gevorm, groot intellekte in die daaropvolgende eeue baie meer algemeen gemaak, sy hoogtepunt in die universiteite bereik, en meeghelp om die weg vir die Renaissance en die Hervorming voor te berei 1).

Wel was die metode van logies-deduktiewe redenering ontoreikend omdat dit die empiriese gegewens buite rekening gelaat het 2); wel was die stof tot die teologiese gegewens beperk 3), die stelsel intellektualisties en die uitgangspunt onskriftuurlik 4); nogtans kan die betekenis van die Skolastiek nouliks oorskat word. Temidde van veel wat vir ons dwaas en nutteloos lyk staan die groot figure uit die Skolastiek: „Generaties lang hebben menschen als Albertus Magnus, Thomas Aquinas en Bonaventura leiding gegee aan het denken van de edelsten van ons geslacht. Tot op den dag van heden keert de Rooms-katholieke theologie telkens weer tot Thomas terug" 5).

Wanneer ons hierdie resultate van die Middeleeuse opvoeding reg waardeer, dan moet ons tot die slotsom kom dat die verhouding tussen vryheid en gesag nie so eensydig onderdrukkend kon gewees het dat dit die inisiatief ernstig aan bande gelê het en dat die opvoeding van die Middeleeue as minderwaardig bestempel mag word nie.

3. GESAG EN VRYHEID IN DIE SKOOLOPVOEDING.

Na die algemene oorsig oor die verhouding tussen gesag en vryheid in die Middeleeuse lewens- en wêreldsbeskouing en oor die bydraes van die s.j.n. „Donker Eeue" tot die beskawing en die geleerdheid, res nog die taak om te besien watter rol gesag en vryheid in die skoolopvoeding, veral in die skooltug, gespeel het.

-
1. Cf. Graves : A Hist. of Educ., Vol. II., pp. 59-60.
 2. Waterink : De Gesch. der Paed., p. 395.
 3. Adams, John : The Evol. of Educational Theory, p. 158.
 4. Honig, A.G. : „Scholastiek", in: Christelike Encyclop., Dl, V, p. 91.
 5. Waterink : ibid., p. 394.

(a) Die Doel.

Die doel van die Middeleeuse opvoeding word gewoonlik in die woorde: „voorbereiding uitsluitlik vir die hiernamaals” weergegee - en verdoem. So skryf Leach bv. : „The main object of education was no longer to prepare a man for this world but for the next... For patriotism was substituted religion; for the promotion of society the saving of a man's own soul” 1).

Dit is egter nie die hele waarheid nie. Inderdaad skitter die sosiale en staatsburgerlike opvoeding deur hul afwesigheid in die doelstellings soos deur die meeste Middeleeuse leiers geformuleer, bv. in die van Karel die Grote in sy beroemde om-sendbrief van 787 : „It is our wish that you may be what it behoves the soldiers of the Church to be, - religious in heart, learned in discourse, pure in act, and eloquent in speech” 2). Maar eerstens het ons hier slegs met die klerikale opvoeding te doen, en J.W. Adamson 3) toon uitdruklik aan dat dit 'n onreg teenoor die Middeleeue sou wees om aan te neem dat dit die enigste soort opvoeding was. Die ridderopvoeding het die man van die daad en die man van sake probeer vorm. Tweedens was dit slegs die uiteindelijke doelstelling wat uitsluitlik sedelik-godsdiens-tig was. In die latere Middeleeue kan daarnaas reeds onderge-skikte doelstellings vasgestel word: „krygskundige, kommersiële, industriële, formeel verstandelike vorming naas die tradisionele opleiding vir monnik en non en vir priester” 4). Derdens moet ons onthou dat vir die Middeleeuse mens so'n oorwegend-godsdiens-tige opvoeding allermins dwingend of lewensvreemd was, aange-sien godsdiens en die Kerk juis die sentrale plek in sy lewe ingeneem het en hy daarin sy hoogste geluk gevind het 5). Die

-
1. Leach : „Middle Ages”, in Monroe : Cyclop. of Educ. Vol IV, p.218.
 2. Karel die Grote: Capitulary of 787. Aangehaal by Mullinger, J.B. „The Schools of Charles the Great”, p.99.
 3. Adamson : A Short Hist. of Educ. pp. 49-51.
 4. Coetzee : „Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue”, p.105.
 5. Cf. Willmann, O. : Didaktik als Bildungslehre pp.191, 196.

doel van die Middeleeuse opvoeding was vir die mens geen dwang nie. Deur sowel aan sy aardse behoeftes as aan sy diepste geestelike verlangens te voldoen het dit beter met sy ware vryheid rekening gehou as 'n opvoeding wat op die bloot-menslike en die bloot-aardse gerig is.

(b) Die Tug.

Die berugte Middeleeuse „Prügel-system“ het byna spreekwoordelik geword. Tog was wrede strawwe waarlik nie die monopolie van die Middeleeue nie. Van 'n agtiende-eeuse skoolmeester is bekend dat hy gedurende 'n halwe eeu byna 'n miljoen houe met die lat alleen uitgedeel het 1).

Die doel van die tug, veral in die vroeë Middeleeue, sê Paul Barth, was om deur veelvuldige gebed en straf vir die kind deemoed, die hoogste deug, in te prent. Houe met die lat op die naakte liggaam was iets alledaags. Nie alleen vir geringe oortredinge van kloosterreëls nie, maar ook vir nietige lees- en skryffoutjies is die lat gebruik, en vir groter mistrappe die sweep. Hierdie neiging is deur die Ou-Testamentiese uitsprake oor die tugroede versterk 2). Behalwe slae is ook nog ander tugmiddels gebruik, soos vas of opsluit of enigiets wat die oortreder kon „kleinkry“. Daar was geen bepaalde tugteorie nie. Elke oortreding is eenvoudig so streng as moontlik gestraf. Na prinsipiële motiewe en sielkundige eise is nie gevra nie. Die praktyk het maar één reël geken: Tug is straf, liefste strengste straf 3). Drane vertel dat die leerlinge van St.Gall eenmaal selfs die klooster aan die brand gesteek het om straf vry te spring 4). Miskien was dit eerder om hul te wreke op 'n onbillike, uittartende tug-oefening. In die latere Middeleeue is die reg

-
1. Sien McCallister : The Growth of Freedom in Education, Voetnoot, p.345.
 2. Barth, Paul : Geschichte der Erziehung, pp.188-90.
 3. Waterink : De Gesch. der Paed. pp.242-3.
 4. Drane : Christian Schools and Scholars, p.177.

van die onderwyser om te straf egter deur die wet tot „zwölf ungefährliche Schläge“ beperk, en slegs tot die onmondige kind dws. die kind van sowat twaalf jaar en jonger 1).

Ewe streng as die straf was die voortdurende toesig. Die kinders in 'n klooster is feitlik nooit alleen gelaat nie, veral nie in die slaapsale nie. In die „Constitutiones Lanfranci“ 2) uit die elfde eeu word die toesig oor die kinders aan die kloosterskool te Canterbury in besonderhede beskryf : „They shall.... sit separate from each other; shall never leave the place in which they are kept, except with the monk who has charge of them ... They shall have their beds before or between their masters' beds. If they have to get up, they shall first wake their master, then light a lantern, if it is night, and go to the Necessarium with their master No youth is to talk to another, except so that the master may hear and understand what is said by both of them..... When they go to bed the masters ought to stand in front of them until they lie down and are covered over“ En in die slaapsaal moet die lig die hele nag brand. Hoewel hierdie uitermate strenge toesig enersyds seker uit 'n sterk verantwoordelikeheidsgevoel vir die kind spruit, getuig dit tog van grenslose wantroue in die mens.

Die tug, straf en toesig van die Middeleeuse skole toon ons die gesagstandpunt aan sy donkerste kant.

Hoe kan so'n onchristelike, weinig-menslike tugbedryf in 'n tydperk waarin die Christelike godsdiens die hele lewe beheers het, verklaar word? Willmann skryf dit eerstens daaraan toe dat „das Lernen ein schweres Geschäft war“: die Latynse grammatika wat vreemd was na taal en inhoud, en die spitsvondighede van die dialektiek moes feitlik alles gememoriseer word, in die wêreldlike skole meestal sonder individuele verduideliking. Pateties is Thomas Platter se versugting in 'n hoekie van die skoolkamer :

1. Barth : Geschichte der Erziehung, p. 225 en Voetnoot.
2. Leach : Educational Charters and Documents, pp. 65-7.

„Hier moet jy leer of sterf" 1). Die skaarste aan onderwysers en boeke het geheuewerk noodsaaklik en die vereiste streng toesig prakties onmoontlik gemaak, met die gevolg dat „the practical schoolroom difficulty of keeping boys employed amidst conditions which favoured the idler was responsible for much more flogging than any of (the) "second thoughts" which were used to justify it". 2). Waterink wys op diepliggende oorsake van die strenge tug. Die Germaanse wêreld was gewoon aan die feudale stelsel wat aan die grondeienaar alle gesag oor sy onderdane toegeken het. Die Kerk het weldra die grootste grondbesitter geword, en dit is een van die oorsake dat die „onderhoriges" van die Kerk hulle geredelik aan die strenge gesag van die kerk, en daarmee aan die harde tug van die klooster en die kloosterskool onderwerp het. Bowendien het die Kerk, weens die groot massas bekeerlinge, die Verbondsideaal van die heiliging van die hele lewe al meer uit die oog verloor, en sinkretisties aangesluit „bij datgene, wat zij in het volksleven vond". So is dit te verklaar dat die Christendom nie ernstig getrag het om 'n eie tugpraktyk te laat geld nie, maar die heidense tug laat voortwoeker het. Ten slotte is die asketiese kloostergedagte deur die heidens-dualistiese beskouing van natuur en genade versterk, en het die tenonderbrenging van die vlees terwille van die deemoed uiteindelik beteken dat die natuurlike in die lewe heeltemaal doodgemaak ipv. geheilig moes word. „Daarmee had de tucht oefening een ideaalstelling gekregen, dat in wezen niet-christelijk, maar in haar dualisme van heidenschen oorsprong is" 3).

Wel het die innige verhouding tussen opvoeder en leerling die harde tug in die beste gevalle enigermate versag. „With all this austerity of discipline, nothing is more certain than

-
1. Willmann : Didaktik als Bildungslehre, p.194.
 2. Adamson : A Short Hist. of Educ., p.20.
 3. Waterink : De Gesch. der Paed., pp.238-41.

than that the monastic masters possessed the secret of making themselves beloved, and that the love which they inspired was not the less familiar because mingled with respect 1). Beda is deur sy leerlinge met die bynaam „die Eerbiedwaardige" ver-
 eer; Albert, ook uit die agste eeu, word deur sy leerling, Alkuin, beskryf as „a pattern of goodness, justice, and piety, teaching the Catholic faith in the spirit of love, stern to the stubborn, but pitiful and gentle to the good" 2). Adelaide, abdis van Keulen in die tiende eeu, het bedags streng gestraf, maar in die koue wingernagte stillotjies haar slapende leerlinge se voete gaan warm vryf 3). Anselmus, ab van Bec in die elfde eeu, gee 'n skitterende teregwysing aan 'n kollega wat by hom kom raad vra omdat die kinders in sy klooster so dom en onnosel soos diere bly, hoewel hulle van die mōre tot die aand geslaan word. „'A famous system of education truly', observed the abbot of Bec, 'which changes men into beasts. Now tell me, what would be the result, if, after having planted a tree in your garden you were to compress it so tightly that it should have no room to extend its branches? These poor children were given to you that you might help them to grow, and be fruitful in good thoughts; but if you allow them no liberty their minds will grow crooked. Finding no kindness on your part, they will give you no confidence, and never having been brought up to know the meaning of love and charity, they will see everything around them in a distorted aspect....The weak must be treated with gentleness, and won with love; you must invite a soul to virtue with cheerfulness, and charitably bear with its defects' " 4). Die beginsels van vryheid en liefde het dus by die beste Middeleeuse opvoeders 'n belangrike plek naas die van gesag, eerbied en strengheid beklee.

-
1. Drane : Christian Schools and Scholars p.178.
 2. Drane : ibid. p.85.
 3. Drane : ibid. pp.192-3.
 4. Drane : ibid. p.314.

Ook is aan die jeugdige lewensvreugde ruimte toegestaan in die mooi skoolfeeste van die Middeleeue 1), die wedrenne en werp- en balspele waarvan Walafrid Strabo in sy dagboek 2) getuig, visvang-uitstappies en plesiervaarte op die meer 3). As die leerlinge van St.Gall die vrypostigheid kon hê om selfs die Biskop by sy informele besoekie aan hulle skool gevange te neem totdat hy 'n losprys van drie ekstra vakansiedae per jaar vir hulle betaal het 4), dan kan die gesagshandhawing nie altyd en oral so wreed gewees het dat dit alle jeugdige lewenslus en vryheid doodgesmoor het nie. Nogtans was hierdie vryhede wat hier en daar veroorloof is seker meer die uitsondering as die reël, en moes dit dien as die suiker om die bitter van die tugpil te versoet.

Eers in die dertiende eeu vind ons 'n bydrae tot 'n Christelike tugteorie by Vincentius van Beauvais in sy boek: "Verhandeling oor die Onderrigting van die koninklike kinders". Hy sien die vraagstuk van tug en straf tereg binne die wyer raamwerk van die sedelike opvoeding. Gehoorsaamheid is vir hom die eerste deug. Tug en straf is nodig, maar die ouers moet hulle daarby matig. Tussen die strengte, ernstige tug en te groot sagmoedigheid moet die middeweg van geordende bedagsaamheid gevind word. Strengte tug sonder bedagsaamheid en sagmoedigheid is wreedheid. Sagmoedigheid sonder bedagsaamheid en strengheid is swakheid. Maar deur die wysheid van aldie saam kan die kind tot gehoorsaamheid gebring word. Nog belangriker egter as gehoorsaamheid is vrywillige gehoorsaamheid. Oor die sewe redes vir vrywillige gehoorsaamheid moet met die kindersgepraat word 5). Hier het ons dus naas waardige, gematigde gesagsuitoefening 'n volmondige erkenning van die vryheid van die kind.

-
1. Willmann : Didaktik als Bildungslehre, p.195.
 2. Vert. deur Waterink : De Gesch. der Paed., p.339.
 3. Dranc : Christian Schools and Scholars, p.314. 175.
 4. Dranc : ibid. pp. 278-9.
 5. Vincentius van Beauvais : Op. cit. Vry na Waterink : De Gesch. der Paed. pp.426-7.

Gehoorzaamheid mag nie deur wreedheid afdwing word nie, maar moet deur verstandige, sagmoedige verduideliking as 'n vrywillige daad aan die kind ontlok word.

By Jean de Gerson (1363-1429) gaan die erkenning van die kinderreg en die kindernatuur in die Christelike tugteorie nog verder. In sy boekie, „Oor die bring van kinders tot Christus“, openbaar hy 'n psigologiese insig in die aard van die kind, wat 'n nuwe geluid is na 'n lang periode waarin die kinderstudie vrywel onbeoefen gebly het en slegs die sondige in die kindernatuur raakgesien is. Selfs Augustinus se fyn sielkundige kennis het eerder op volwasse leerlinge as op kinders betrekking gehad. Gerson het ten spyte van die sondige hart van die kind ook 'n oog vir die beminlikheid en aantreklikheid van die kind met sy tevredenheid, sy speelsheid, sy liefde vir vreugde. Om die onkruid wat naas die goeie in die akker van die hart opskiet uit te roei, moet die opvoeder nie onmiddellik fel en hard teen hierdie ondeugde te velde trek nie, want as hy in al te onverstandige ywer die kind sou tugtig sonder om hom te verstaan sou hy slegs toorn verwek. Deur een ondeug te wil uitdryf, sou hy 'n groter een kweek. Naas die negatiewe middele stel Gerson veral die positiewe middele om die kind tot 'n sedelike wandel te bring sterk op die voorgrond: gewoontevorming, daaglikse oefening, die voorbeeld van gelowige Christene en van die hele publieke lewe, en veral die liefdevolle tegemoetkoming van die opvoeder. Hy moet alle hoogheid aflê en met die kinders 'n kind kan wees. Hulle moet voel dat hy hulle liefhet. Dan eers sal hy hulle vertrouwe wen, en sal hulle hul harte oopstel en oor dinge praat wat hulle anders sou verswyg het, selfs oor hul seksuele nood. Hy moet vriendelik kan lag met die wat lag, maar ook kan berispe sonder om bitter te wees of te skel. Eers waar hierdie verhouding tussen opvoeder en opvoedlinge ontstaan het, kan hy invloed op hul lewens uitoefen en hulle deur Gods genade

tot Christus lei 1).

In Gerson is die askese, die dualisme tussen natuur en genade, die wantroue teenoor die natuurlike lewe oorwin. Positiewe tugmiddele tree op die voorgrond. Hier vind ons weer die gesindheid van Christus: die gesag van die opvoeder bly primêr, maar dit word nie op die voorgrond gedring nie 2). Oënskynlik word die opvoedingsproses deur die vryheidsbeginsel beheers; in werklikheid is dit die stille gesag wat die rigting bepaal: "na Christus toe".

Saamvattend kan ons sê dat die tugpraktyk in die Middeleeue in wese nog heidens is. Dit toon 'n feitlik allesoorheersende gesagsbeginsel, waarteen lofwaardige poginge om deur sporadiese vergunninge en, by individuele opvoeders, deur liefdevolle bejoeëning, die lot van die leerlinge te versag, nie opweeg nie. Van bewuste erkenning van vryheid as 'n opvoedingsbeginsel is by die Middeleeuse opvoeders oor die algemeen, loflike uitsonderinge soos Anselmus daargelaat, nog geen sprake nie. Die leuse was: "Deur gehoorsaamheid tot gehoorsaamheid". Eers in die tugteorie wat in die latere Middeleeue opkom vind ons 'n prysenswaardige benadering van die ideale Christelike verhouding tussen vryheid en gesag.

(c) Die Metode.

Die Middeleeuse onderwysmetode het, as gevolg van die skaarste van boeke, hoofsaaklik in dikteer en memoriseer bestaan, en die kennis is dan later getoets in voordrag en disputasie 3). Die vorm waarin die stof aangebied is, was gewoonlik dié van vraag-en-antwoord. Maar dit was 'n stel kunsmatige vrae met vaste antwoorde daarop, wat die leerlinge eenvoudig op gesag van die meester moes aanneem en van buite leer. Alkuïnus

1. De Gerson, Jean : Op. cit. Vry na Waterink : De Gesch. der Paed., pp.433-5.

2. Cf. bo, p.11.

3. Graves : A Hist. of Educ., Vol.ii, pp.19, 91.

se jonger leerlinge moes bv. die volgende inprent: Wat veroorsaak spraak? Die tong. Wat is die tong? Die sweep van die lug. Wat is die lug? Die bewaker van die lewe. Wat is die lewe? Die vreugde van die goeies, die smart van die slegtes, die afwagting van die dood 1). Die enigste grondslag van so'n metode is: Gesag. Erkenning van die individualiteit en vryheid van die kind het in hierdie gedagte-wêreld nie bestaan nie. Dat die kindersiel anders werk as dié van die volwassene het nouliks tot die wetenskaplike besef deurgedring 2). Daaraan skryf Messenger dan ook die gebrek aan blywende vrug op Alkuïnus se werk toe. „(It) failed because of lack of insight into human nature....Memorizing lessons is not education" 3).

Hier en daar skemer 'n aanduiding van 'n vryheidsbeginsel. Caesarius van Arles het in die vyfde eeu reeds sy leerlinge aangemoedig om te vra: „Ek weet julle verstaan nie alles nie: waarom vra julle nie, sodat julle kan weet nie?" 4). Die oefening in disputasie en voordrag het geleentheid vir 'n mate van selfkiewiteit geskep. Trouens, die feit dat leerlinge die leerstof selfstandig onder die knie moes kry, sonder individuele hulp, het 'n selfkiewiteit van die moeilikste soort vereis. Alkuïnus se volwasse leerlinge het die vryheid geniet om self aan besprekings deel te neem, waarin die keiser dikwels die leiding geneem het. In sulke besprekings het Alkuïnus daarna gestrewe „to call out in each the latent intellectual power, as - to use his own simile - a man strikes out of the flint the fire which has all along been hidden in it" 5). Soms het 'n opgewekte gees die onderwys gekenmerk. Van Hrabanus se skool te Fulda word gesê: „Vrolik die leerlinge, vrolik die meesters,

-
1. Migne, C.I. : Alcuini Opera, 975 seqq. Aangchaal by Graves: A Hist. of Educ., Vol. II, p.29.
 2. Rombouts : Historiese Pedagogiek, Dl. I, p.144.
 3. Messenger : An Interpretative History of Education, pp.75-6.
 4. Migne : Vita Caes., I.5. Aangchaal by Haarhoff : Schools of Gaul, p.178.
 5. Gaskoin, C.J.B. : „Alcuin : His Life and Work" p.197. Aangchaal by McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.106.

en vroliker as almal die rektor 1). Ekkehard I van St.Gall het reeds in die neënde eeu individuele verskille tussen leerlinge erken: „If he found a boy dull over his grammar he set him to copy; arguing that nature was an economist in her gifts, and did not dispense all to all; and that often where the head was somewhat slow in learning, the deficiency was made up by an extra dexterity with the fingers" 2).

Met tipiese gehegtheid aan gesag en tradisie het die Middeleeue ook bly vaskleef aan die ou Latynse teksboeke van Donatus en Priscianus, wat nog vir Romeinse kinders geskryf is en totaal ongeskik was vir kinders wat Latyn as 'n vreemde taal moes aanleer. Tog is ook in hierdie opsig getrag om die onderwys „maklik" en „aangenaam" te maak. Biskop Theodulf van Orleans het in die neënde eeu in eenvoudige Latynse versmaat 'n boom van kennis beskrywe, met 'n tekening van die boom daarby, op elke tak een van die sewe vrye kunste 3). Aelfric se „Extracts from Priscian" uit die elfde eeu is 'n poging om Priscianus vir beginners in hul moedertaal te vertaal; en sy „Colloquy", 'n Latynse dialoog oor alledaagse onderwerpe, met die Engelse vertaling tussen die reëls, is reeds op die beginsel van die direkte metode gebaseer 4). Omstreeks 1200 het Alexander de Villiedieu sy „Doctrinale" gepubliseer, 'n Latynse grammatika in heksameters geskrywe, wat gedurende die veertiende eeu die populêrste grammatikaboek op skool en universiteit geword het 5). Teen die vyftiende eeu word reeds pentekeninge in die kant-ruimtes van woordelyste en grammatikaboeke gevind 6). Hulle bewys volgens 'n skrywer uit die neëntiende eeu, „how little of novelty there is in most of the plans for simplifying school-

-
1. Willmann: Didaktik als Bildungslehre, p.194.
 2. Dranc: Christian Schools and Scholars, p.172.
 3. Dranc: ibid., p.134.
 4. Adamson : A Short Hist. of Educ., p.16.
 5. Adamson ; ibid., pp.68-9.
 6. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.116.

teaching in more modern times, for in these mediaeval treatises we meet with the prototypes of almost every scheme that has been proposed....." 1).

Dergelike hervormingspoginge in die onderwysmetode en die leerboeke toon dat daar tog diegene was wat die aard van die kind in aanmerking geneem en hulle sy lot aangetrek het. Soos hy die tug was die erkenning van vryheid egter die uitsondering, die oorheersing van gesag die reël.

(d) Die Leerstof.

Godsdiensonderwys het die ganse opvoeding van die klooster-jeug, op binne- en buiteskool, beheers. Geweldig hoë eise is aan die kinders gestel. Nie alleen moes hulle al die Psalms en minstens die Nuwe Testament van buite ken nie 2), maar hulle moes al die kerkdienste bywoon, selfs die nagdiens, en aan die sang en gebede deelneem 3). Tog sê Drane dat hierdie eise nie as "excessive" ondervind is nie, omdat die hele gees van die samelwing so deurdrenk was van die Christelike, Liturgiese gees dat gelowige leke selfs in die nag die dienste kom bywoon het 4). En vir die monnike was die studie van die Bybel hul lus en lewe. Met liefde, met entoesiasme, sê die biograaf van Hrabanus Maurus, "they (die monikke) fed themselves on the Divine Scriptures" 5). Al mag die voorstelling ook ietwat geïdealiseer wees, oor die algemeen is aan die eise van die gesag blykbaar met vreugde en vryheid voldoen.

So magtig was die eerbied vir gesag dat vir elke vak een groot outoriteit as beskermheer aanvaar is. "Einmal rezipierte Lehrstoffe und Sätze gingen von Buch zu Buch, meist ohne dass Autor und Quelle genannt wurden" 6). So is Hrabanus se "De

-
1. Mayer, J. : A Library of National Antiquities, 1857. Aangehaal by McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.116.
 2. Drane : Christian Schools and Scholars, p.179.
 3. Cf. Aelfric : Colloquy. Aangehaal by Leach: Educational Charters and Documents, p.45.
 4. Drane : ibid., p.187. Cf. Willmann: Didaktik als Bildungslehre, p.192.
 5. Drane : ibid., p.188.
 6. Willmann : ibid., p.193.

Institutiones Clericorum" vir vier-vyfdes uit Augustinus afgeskryf 1).

Daarteenoor vind ons die liberale houding teenoor die klassieke leerstof verbasingwekkend. Moontlik het ook hierin die gesag van iemand soos Augustinus die deurslag gegee. Hoewel die vroeë Christene die klassieke digkuns verafsku en gevrees het, sê J.W. Adamson, en hoewel Gregorius die Grote se waarskuwing aan die Biskop van Wene teen "the idle vanities of secular learning" as verteenwoordigend van die uitgaande sesde eeu beskou word 2), tog is die klassieke leerstof dwarsdeur die Middeleeue bestudeer. In die twaalfde eeu was daar selfs alle tekens van 'n vroegtydige Renaissance van die klassieke lettere 3).

Die eise wat Hrabanus Maurus aan die leerstof vir 'n geestelike stel 4) toon 'n merkwaardig breë uitkyk op die lewe, 'n liberale houding teenoor die klassieke, maar ook die onderskikking van alle kennis aan die gesag van die kerklike doeleindes. Die heidense vrye kunste is in 'n heeltemaal Christelike gewaad geklee.

In die leerstof gold dus eweëns strengte gesag, gepaard met 'n merkwaardige vryheid ten opsigte van die sewe vrye kunste.

(e) Die Opvoeding.

Die Middeleeuse beskouing omtrent die natuur van die opvoeding, die gebrek aan kinderstudie, en die verhouding tussen individu en gemeenskap het ons reeds behandel 5). Daar res nog die vraag: Wie het opvoeding geniet?

-
1. Gunning, J.H. : "Augustinus als Paedagoog", in: Verz. Paed. Opst. I. p.97.
 2. Drane wys daarop dat die berisping gegee is nie omdat die biskop die klassieke bestudeer het nie, maar omdat hy in die Kerk lesings oor heidense digters gehou het (Christian Schools and Scholars, p.57 Voetnoot). Willmann meen dat die pous deur sy berisping slegs wou te kenne gee dat grammatikale pynlikheid vir 'n teoloog oorbodig is. (Didaktik als Bildungslehre, p. 158, Voetnoot).
 3. Adamson : A Short Hist. of Educ., pp.2-3.
 4. Sien Hrabanus Maurus : Education of the Clergy, vertaling deur Painter : Great Pedagogical Essays, pp.158 seqq.
 5. Sien bo, pp.40-1, 59, 55-6.

Vir baie eeue was skoolopvoeding die uitsluitende voorreg van die vrygeborene. Die kind van die lyfeiene het geen reg gehad om 'n skool by te woon, behalwe met spesiale vergunning van sy heer nie. „(This) limitation was an inheritance from Rome that feudalism gladly adopted. But the Church resented the limitation, as it restricted her choice for the priesthood, and it was laid down that, if a serf was ordained, he became free" 1). Maar in 1406 is in Engeland amptelik deur wetgewing aan elke mens, ongeag sy stand, die vryheid geskenk om sy kinders na enige skool te stuur 2).

Hieruit is dit duidelik dat deur die gesag van die feodale stelsel die reg op skoolopvoeding geweldig beperk is; dat die Kerk ten gunste van vryheid was, maar tog nie reformerend kon inwerk nie, en dat ook hier die heidense klasseskieding voortgelewe het, ten spyte van die hoër opvatting van die vryheid, die ewighedswaarde en die opvoedingsreg van die individu by die Vroeë Christendom. Andersyds staan dit op die krediet van die Middeleeue dat nog vóór die Renaissance van die vyftiende eeu die fundamentele vryheid van elke mens en sy reg op opvoeding wetlik erken is; en dat die opkoms van die nuwe skole vir die opvoeding van die burgerstand 'n simptoem van demokratiese vryheidsdrang was. Daar is dan ook afdoende bewyse dat groot getalle volkskinders; selfs gedurende die sogenaamde "Donker Eeue" die moedertaal kon lees en skryf 3).

Hoewel die opvoeding van die meisie 4) dwarsdeur die Middeleeue, naas haar godsdienstige vorming, van 'n meer praktiese aard was, en "schooling formed but a very small part of it", het sommige waarskynlik tog leer lees en sommige selfs leer

-
1. De Montmorency, J.E.G. : Mediaeval Education in Foster: Encyclopaedia and Dictionary of Education, Vol.III, p.1051.
 2. Leach: Educational Charters and Documents, p.387.
 3. Cf. Cole : A History of Educational Thought, p.138; en Boyd : The Hist. of Western Education, p.162.
 4. Cf. Adamson : A Short Hist. of Educ. pp.22-4 en boeke daar genoem.

skrywe. In die veertiende en vyftiende eeue was daar egter veel groter getalle meisies en vrouens wat kon lees en skryf. Die opvoeding en onderwys van nonne het in sommige kloosters, in sommige eeue, 'n hoë peil bereik. In die agste eeu het sekere nonne 'n Latynse briefwisseling met Bonifacius gevoer; in die neënde eeu het twee dames in 'n Vlaamse klooster behalwe lees, psalmsing en skryf, ook spin en weef, naaldwerk en "embroidering with gold and jewels on silk" geleer. Die kunstvolgeïllumineerde manuskrip "Hortus Deliciarum" is 'n meesterstuk van nonnewerk uit die twaalfde eeu.

Die Middeleeuse opvoeding was egter nie tot skole en skoolse inrigtings beperk nie. Dié was in die eerste plek bedoel vir die klein maar belangrike minderheid wat akademies aangelê was. Maar die mense van die Middeleeue het nie gedink dat hierdie groep die enigstes was wat werd was om opgevoed te word nie. Inteendeel, sê J.W.Adamson, die grondliggende beginsel van die Middeleeuse opvoeding "has not even yet been fully applied to public instruction....That principle is, in brief, that education should foster all sorts of capacity, not one only...."1).

Behalwe die skoolopvoeding vir die akademikus was daar nog die ridderopvoeding vir die man van die daad. Die ridderopvoeding "sought to educate a man of action, the ruler, soldier, courtier, not the thinker, or fluent speaker or clerkly, ecclesiastic" 2). Die seuns en dogters van die edelman het hul opleiding nie in 'n skoolkamer ontvang nie, maar in die geskikste omgewing vir die doel: Aan die hof van die feodale heer.

Nêrens is die Middeleeuse opvoeding so sterk deur vryheidsbeginsels beheers as juis in die ridderopvoeding nie. Dit was 'n praktiese opleiding deur die lewe. Dit het veral op fundamentele eienskappe in die menslike natuur ingewerk: voeglus,

1. Adamson : A Short Hist. of Educ., p.49.
2. Adamson : ibid., p.51.

selfbehoud, nabootsing, suggestie en die speelinstink. Metode, doel en omgewing het uitstekend by mekaar aangepas. Skynbaar het die vryheidsbeginsel die gesagsbeginsel van diens en gehoorsaamheid selfs oorwoeker, want uitspattinge soos verkwis-tende weelde, eersug, roekeloosheid, wreedheid, trots en on-sedelikheid was aan die orde van die dag. "Discretion, self-control, and mercy could not have been among the knightly virtues" 1). Juis deur hierdie oordrewe vryheid en die neiging tot die "wêreldse" dinge het die ridderopvoeding 'n teenwig teen die asketiese kloosterideaal gevorm. Aan die anderkant was die ridderopvoeding so eng en tot één sosiale milieu, dié van die ridderskap, beperk, dat die wyer begrip van vryheid in die sin van aanpassing aan 'n verskeidenheid van omgewings en lewens-omstandighede uit die oog verloor is 2).

Ten opsigte van die vraag na die opvoedingsreg van die mens: vrye en onvrye, seun en meisie, het die Middeleeue in steeds toenemende mate die reg van die vryheidsbeginsel erken.

4. SAMEVATTING.

'n Onbevooroordeelde studie van die tydperk leer ons dat die Middeleeue nie so donker was as wat hulle gewoonlik geskilder word nie, maar dat hulle onskatbare bydraes tot die beskawing en die geleerdheid gelewer het; dat die bloeityd van die Middeleeue by uitstek dié Christelike periode was; dat die "donkerheid" wat gewoonlik aan die tirannie van die Kerk en die oorwinning van die beginsel van geloof en gesag oor die van vryheid en die rede toegeskryf word, grotendeels in die gesig van die kritici bestaan; dat die Kerk wel sy gesag oor die hele lewe wou uitbrei, en daarin fouteer het dat hy sy voorgdyskap oor alle lewensterreine te lank wou volhou; maar dat behalwe die Kerk daar ook ander gesagsbronne was: die feodale heer, die gilde, die orde en al die

1. Graves : A Hist. of Educ., Vol.II, p.69.

2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.117-8.

talryke Middeleeuse groepsorganisasies; dat die individu oor die algemeen, uit hoofde van die kollektiwistiese lewens- en wêreldsbeskouing van die Middeleeue, vrywillig die gesag aanvaar het, en juis in hierdie selfonderwerping sy hoogste selfverwesenliking gevind het; dat bowendien die gesagsuitoefening nooit so star was dat daar geen ruimte vir individuele vryheid was nie; dat intendeel die vryheidsdrang in die skolastiek, die universiteite, die nasionale ontwaking, die opkoms van die burgery, die stadskole tot uiting kom; en dat die ridderskap steeds deur 'n gees van individualisme besiel is, wat deels in Christelike vryheid, deels in losheid van sedes uiting gesoek het.

In die skoolopvoeding, veral in die tugpraktyk was die gesagsbeginsel oorheersend: gehoorsaamheid deur gehoorsaamheid; tog het in die kerklike, die ridder- en die kloosteropvoeding belangrike vryheidsbeginsels gegeld. Ver al die kloosteropvoeding was 'n benydenswaardige konsentrasieskema, waarin alle lewensaktiwiteite rondom die sentrale waarde in die lewe, die godsdienst, gegroepeer was, en opvoeding en lewe 'n eenheid was.

Die Middeleeue bied dus allermins 'n beeld van stagnasie as gevolg van onderdrukkende gesag; maar veel eerder 'n toneel van lewende aktiwiteit en prestasie onder die strenge toesig van 'n ernstige voog, wat jaloes oor die hoogste geestelike belange in die lewe die wag hou, maar wat tog die geheim verstaan om namate die opvoedeling opgroei geleidelik, al is dit nie altyd sonder botsings nie, groter vryheid toe te staan.